Geen verskil in die farmakokinetika van verlengde vrystellende metielfenidaat na eenmalige of herhaalde een keer daaglikse doserings is waargeneem nie, wat dui op geen betekenisvolle geneesmiddel- akkumulasie nie. Na herhaalde een keer daaglikse doserings is die AOK en $t_{½}$ soortgelyk aan wat by ‘n eerste dosis verlengde vrystellende metielfenidaat aangetref word.

Dosis-verwantskap*:* Na toediening van verlengde vrystellende metielfenidaat as enkeldosisse van 18, 36, en 54 mg/dag aan gesonde volwassenes, was die K_{maks} en $AOK_{(0-inf)}$ van d-metielfenidaat proporsioneel tot die dosis, terwyl by l-metielfenidaat die K_{maks} en $AOK_{(0-inf)}$ oneweredig met betrekking tot die dosis toegeneem het. Na toediening van verlengde vrystellende metielfenidaat was die plasmakonsentrasie van die l-isomeer ongeveer 1/40ste van die plasmakonsentrasie van die d-isomeer.

By gesonde volwassenes het enkel- en meervoudige doserings van een-keer-daaglikse verlengde vrystellende metielfenidaat by dosisse van 54 tot 144 mg/dag gelei tot liniêre en dosis-proporsionele toenames in die K_{maks} en AOK_{inf} vir totale metielfenidaat (MPH) en die

hoofmetaboliet daarvan, (alfa)-feniel-piperidienasynsuur (FPA). Die enkeldosis en bestendige toestand (Dag 4) opklaring en halfleeftyd parameters was dieselfde, wat daarop dui dat die farmakokinetika van metielfenidaat nie afhanklik van tyd is nie. Die verhouding van metaboliet (PPAA) tot moeder-geneesmiddel (MPH) was konstant binne die bestek van doserings van 54 tot 144 mg/dag, ná ’n enkeldosis en ook na veelvuldige doserings.

In ‘n veelvoudige dosis studie by adolosente ADHD pasiënte (ouderdom 13 – 16 jaar) aan wie ‘n dosis van 18 tot 72 mg/dag van verlengde vrystellende metielfenidaat toegedien is, het die gemiddelde C_{maks} en AOK_{TAU} van metielfenidaat eweredig met betrekking tot die dosis toegeneem.

Distribusie: Metielfenidaat-plasmakonsentrasies by volwassenes neem bi-eksponensieël af na mondelike toediening. Die halfleeftyd van beide d- en l- isomere van metielfenidaat by volwassenes na mondelike toediening van verlengde vrystellende metielfenidaat was ongeveer 3,5 h.

Metabolisme en ekskresie: By volwassenes word metielfenidaat hoofsaaklik deur de-esterifikasie na die (alfa)-feniel-piperidienasynsuur (FPA) gemetaboliseer, wat min of geen farmakologiese aktiwiteit toon nie. .

Na mondelike dosering van radio-gemerkte metielfenidaat by mense, is ongeveer 90 % van die radioaktiwiteit in die urine herwin. Die hoof-urinêre metaboliet was FPA, wat ongeveer 80 % van die dosis verteenwoordig.

Voedsel-effekte: Daar was geen verskil onder pasiënte in die farmakokinetika of die farmakodinamiese gedrag van verlengde vrystellende metielfenidaat nie wanneer na ‘n hoëvet ontbyt toegedien. Daar is geen bewys van dosisopeenhoping in die teenwoordigheid of afwesigheid van voedsel nie.

Spesiale populasies:

Ouderdom: Die farmakokinetika van verlengde vrystellende metielfenidaat is nie onder kinders jonger as 6 jaar nagevors nie.

Nier-ontoereikendheid: Daar is geen ondervinding van die gebruik van verlengde vrystellende metielfenidaat by pasiënte met nierinkorting nie. Aangesien nieropklaring nie ‘n belangrike roete vir metielfenidaatopklaring is nie, word dit verwag dat nierinkorting min effek op die farmakokinetika van verlengde vrystellende metielfenidaat sal hê.

Lewer-ontoereikendheid: Daar is geen ondervinding met die gebruik van verlengde vrystellende metielfenidaat by pasiënte met lewerinkorting nie.

INDIKASIES

NEUCON word aangedui vir die behandeling van aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom (ADHD) by kinders en adolessente (6-17 jaar) en volwassenes (18-65 jaar) wat aan DSM-IV kriteria vir ADHD voldoen.

KONTRA-INDIKASIES

NEUCON word teenaangedui:

- by pasiënte met merkbare angs, spanning en onrustigheid, aangesien NEUCON hierdie simptome kan vererger;
- by pasiënte met bekende hipersensitiwiteit vir metielfenidaat of ander komponente van NEUCON;
- by pasiënte met gloukoom;
- by pasiënte met ‘n familiegeskiedenis of diagnose van Tourette-sindroom;
- gedurende behandeling met monoamienoksidase-remmers, en binne ‘n minimum van 14 dae nadat ‘n monoamienoksidase-remmer gestaak is (aangesien hipertensiewe krisis kan ontstaan);
- by pasiënte met hipertiroïedisme, hart-disritmee, isgemiese hartsiekte, ongekontroleerde hipertensie;
- by swangerskap en laktasie (kyk Swangerskap en Laktasie).

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

NEUCON verhoog die harttempo, sistoliese en diastoliese bloeddruk; gevolglik word versigtigheid aangeraai wanneer NEUCON vir ADHD voorgeskryf word vir pasiënte by wie onderliggende mediese toestande aangetas kan word deur toename in harttempo en /of bloeddruk bv. hartversaking en hipertensie. Bloeddruk moet gemoniteer word by pasiënte wat met NEUCON behandel word, veral by dié met hipertensie (kyk Kontra-indikasies).

Strukturele hartabnormaliteite

Gevalle van skielike sterfte is by ADHD pasiënte met strukturele hartabnormaliteite wat met NEUCON, behandel word by normale dossisse, aangemeld. Alhoewel daar nie afdoende data bestaan oor die oorsaaklike verwantskap tussen die behandeling met NEUCON en

skielike sterfte nie, word versigtigheid aangeraai wanneer NEUCON, aan ADHD pasiënte met strukturele hartabnormaliteite voorgeskryf word.

Pasiënte jonger as 6 jaar

NEUCON moet nie by pasiënte jonger as ses jaar gebruik word nie. Voldoende data oor die veiligheid van langtermyngebruik van NEUCON is nog nie beskikbaar nie.

Motoriese en verbale senuweetrekkings

NEUCON is met die aanvang of verergering van motoriese senuweetrekkings of verbale senuwee-uitings geassosieer. Die kliniese evaluering van senuweetrekkings by pasiënte moet dus die gebruik van stimulant-medikasie voorafgaan. Die familiegeskiedenis moet nagegaan word.

Langtermyn gebruik

Alhoewel ‘n oorsaaklike verwantskap nie vasgestel is nie, is onderdrukking van groei (m.b.t. gewigstoename, en/of hoogte), met die langtermyn gebruik van NEUCON by kinders aangemeld. Pasiënte wat langtermynbehandeling nodig het, moet dus versigtig gemoniteer word. Pasiënte wat nie groei of gewig na verwagting optel nie, moet hulle behandeling laat onderbreek.

Dosis gebruiksaanwysings

NEUCON moet heel gesluk word met behulp van vloeistowwe. Tablette moet nie gekou, verdeel of fyn gedruk word nie. Metielfenidaat word in ‘n nie-absorbeerbare dop, wat ontwerp is om die geneesmiddel teen ‘n beheerde tempo vry te stel, bevat. Die tabletdoppie, saam met onoplosbare kernkomponente, word uit die liggaam

gewerp; pasiënte moet nie bekommerd wees as hulle soms iets soos ‘n tablet in hul stoelgang waarneem nie.

As gevolg van die feit dat die NEUCON-tablet nie vervormbaar is en nie waarneembaar in die spysverteringskanaal van vorm verander nie, moet NEUCON nie aan pasiënte met bestaande gastroïntestinale vernouing (patologies of iatrogeen) of aan pasiënte met disfagie of betekenisvolle probleme met die sluk van tablette, toegedien word nie. Daar is berigte van obstruktiewe simptome by pasïente met bekende vernouing. As gevolg van die verlengde vrystellingsontwerp van die tablet, moet NEUCON slegs by pasiënte, wat in staat is om die tablet heel in te sluk, gebruik word.

Gebruik in ander indikasies

NEUCON moet nie gebruik word om depressie te behandel en/of normale moegheidstoestande te voorkom of te behandel nie.

Psigotiese of maniese simptome

Psigotiese (bv. hallusinasies) of maniese simptome is tydens behandeling met NEUCON teen gewone dosisse by pasiënte sonder 'n vorige geskiedenis van psigotiese siekte of manie, aangemeld. Indien sulke simptome voorkom, moet dit oorweeg word om NEUCON as moontlike oorsaak te beskou en staking van behandeling kan toepaslik wees.

Aggressiewe gedrag

Pasiënte wat behandeling met NEUCON begin, moet gemoniteer word vir die voorkoms of agteruitgang van aggressiewe gedrag. Aggressie word dikwels geassosieer met ADHD; die ontstaan of verergering van aggressie is egter tydens behandeling met NEUCON aangemeld.

Omstandighede wat versigtigheid vereis

NEUCON moet met versigtigheid onder die volgende omstandighede toegedien word:

- ***Psigotiese pasiënte:*** Die toediening van NEUCON kan die simptome van gedrags- of denkversteurings vererger by psigotiese pasiënte.
- ***Onderliggende mediese toestande wat moontlik benadeel word deur verhogings in bloeddruk of harttempo:*** Volgens die kliniese proewe onder kinders, verhoog NEUCON, die rustende polsvlak gemiddeld met 2-6 ppm en die sistoliese en diastoliese bloeddruk met ongeveer 1 tot 4 mm Hg gedurende die dag, relatief tot die plasebo. In plasebo-beheerde navorsingstudies is daar met NEUCON by volwassenes mediane toenames van ongeveer 4 tot 6 ppm in rustende polsslag by die eindpunt waargeneem, teenoor ’n mediane verandering van rofweg -2 tot 3 ppm met plasebo Mediane veranderings in bloeddruk by eindpunt het gereik van omtrent –1 tot 1 mm Hg (sistolies) en 0 tot 1 mm Hg (diastolies) vir NEUCON en van -1 tot 1 mm Hg (sistolies) en –2 tot 0 mm Hg (diastolies) vir plasebo.

  Versigtigheid moet dus uitgeoefen word tydens die behandeling van pasiënte wie se mediese toestand deur verhoging in bloeddruk of harttempo benadeel kan word. (Kyk Waarskuwings)
- ***Geskiedenis van geneesmiddelafhanklikheid of alkoholisme:*** NEUCON moet met versigtigheid aan pasiënte met ‘n geskiedenis van geneesmiddelafhanklikheid of alkoholisme gegee word. Chroniese misbruik kan tot merkbare toleransie en sielkundige afhanklikheid met wisselende grade van abnormale gedrag lei. Volskaalse psigotiese voorvalle kan, veral met parenterale misbruik, voorkom. Deeglike toesighouding word benodig gedurende onttrekking na misbruik, aangesien erge depressie kan voorkom. Onttrekking na chroniese terapeutiese gebruik kan simptome ontmasker van die onderliggende siekte, wat opvolging kan benodig.

- ***Geskiedenis van stuipe of vorige abnormaliteite:*** Daar is getuienis dat NEUCON die konvulsiedrumpel by pasiënte met 'n vorige geskiedenis van stuipe, by pasiënte met EEG-abnormaliteite sonder stuipe, in die afwesigheid van 'n geskiedenis van stuipe en geen vorige EEG getuienis van stuipe, kan verlaag. In die teenwoordigheid van stuipe, moet NEUCON onttrek word.

Visuele versteurings: Simptome van gesigsversteurings is aangemeld. Probleme met akkommodasie en dowwe visie is aangemeld.

Hematologiese monitering

Periodieke hematologiese monitering (Volbloedtelling, differensieel, en bloedplaatjietellings) word gedurende langdurige behandeling aanbeveel.

Laktose waarskuwing

Pasiënte met seldsame oorerflikheidsprobleme van galaktose intoleransie, die Lapp laktase tekort van glukose-galaktose wanabsorpsie behoort nie NEUCON te neem nie.

Effek op bestuursvermoë en om masjinerie te gebruik:

NEUCON kan die vermoë van die pasiënt om moontlik-gevaarlike masjinerie of voertuie te hanteer, aantas. Pasiënte moet dus ingelig word om versigtig te wees totdat hulle redelik seker is dat NEUCON nie hulle vermoë om aan sodanige aktiwiteite deel te neem nadelig beïnvloed nie.

INTERAKSIES

As gevolg van die effek op bloeddruk, moet NEUCON versigtig met pressormiddels gebruik word.

Menslike farmakologiese navorsingstudies het getoon dat metielfenidaat die metabolisme van warfarin-teenstolmiddels, stuipweermiddels (bv. fenobarbitoon, fenitoïen, primidoon) en sommige antidepressante (trisikliese en selektiewe serotonien-heropname remmers) kan rem. Afwaartse dosisaanpassing van hierdie geneesmiddels kan benodig word wanneer saam met NEUCON toegedien. Dit kan nodig word om die dosis aan te pas en geneesmiddel- plasmakonsentrasies te moniteer (of, in die geval van kumarien, stollingstye), wanneer NEUCON begin of gestaak word.

Ernstige newe-effekte is aangemeld met gelyktydige gebruik van klonidien, hoewel geen oorsaaklikheid vir die kombinasie bepaal is nie. Die veiligheid van die gebruik van NEUCON in kombinasie met klonidien of ander sentraalwerkende alfa-2 agoniste is nie stelselmatig ondersoek nie.

Die gebruik van alkohol mag die SSS newe effekte van NEUCON vererger. Die gebruik van alkohol tydens behandeling moet dus vermy word.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE

NEUCON moet nie gebruik word tydens swangerskap en laktasie nie aangesien veiligheid nie vasgestel is nie. Teratogenisiteit is by laboratoriumdiere aangetoon.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS

NEUCON moet nie by pasiënte onder ses jaar oud gebruik word nie.

NEUCON word mondelik toegedien, een keer daagliks. Aangesien dit aangetoon is dat die effek 12 uur na dosering teenwoordig is, moet die produk in die oggend geneem word.

NEUCON moet heel gesluk word met voldoende hoeveelhede vloeistowwe, en moet nie gekou, verdeel of fyn gedruk word nie.

NEUCON kan met of sonder voedsel toegedien word.

Die dosis moet individueel, volgens die behoefte en respons van elke individuele pasiënt aangepas word.

Pasiënte wat nuut op NEUCON is:

Die aanbevole aanvangsdosis van NEUCON by pasiënte wat nie tans metielfenidaat neem nie, of by pasiënte wie op ander stimulante as metielfenidaat is, is 18 mg een keer per dag vir kinders en adolessente en 18 of 36 mg een keer per dag vir volwassenes.

Pasiënte wat tans NEUCON neem:

Die aanbevole dosis NEUCON vir pasiënte wat tans metielfenidaat drie keer per dag, by dosisse van 15 tot 60 mg/dag neem, word in Tabel 2 weergegee. Dosisaanbevelings word baseer op die huidige dosisregimen en kliniese oordeel.

Tabel 2. Aanbevole dosisomrekening van ‘n ander metielfenidaatregimen tot NEUCON

Vorige Daaglikse Metielfenidaatdosis	***Aanbevole NEUCON-dosis***
5 mg Metielfenidaathidrochloried twee keer of drie keer per dag.	18 mg een keer per dag

10 mg Metielfenidaathidrochloried twee keer of drie keer per dag.	36 mg een keer per dag
15 mg Metielfenidaathidrochloried twee keer of drie keer per dag.	54 mg een keer per dag
20 mg Metielfenidaathidrochloried twee keer of drie keer per dag.	72 mg een keer per dag

Kliniese oordeel moet gebruik word wanneer ‘n dosis vir ‘n pasiënt wat tans op ‘n ander metielfenidaatregimen is, bepaal moet word.

Dosisse kan met 18 mg inkremente aangepas word, tot ‘n maksimum van 54 mg/dag vir kinders met ouderdomme van tussen 6-12 jaar en tot a maksimum van 72 mg vir adolessente met ouderdomme tussen 13 – 18 jaar en tot a maksimum van 108 mg vir volwassenes. Oor die algemeen kan dosisaanpassings met ongeveer weeklikse intervalle ingestel word.

‘n Daaglikse dosis wat 54 mg oorskry, word nie aanbeveel by kinders tussen die ouderdom van 6 – 12 jaar nie. ‘n Daaglikse dosis wat 72 mg oorskry, word nie aanbeveel by adolessente tussen die ouderdom van 13 – 18 jaar nie.
Daaglikse dossis wat 108 mg oorskry word nie aanbeveel by volwassenes nie.

Onderhoudsdosis/Langdurige Behandeling:
Die langtermyn gebruik van NEUCON is nie sistematies tydens beheerde kliniese proewe bepaal nie.
‘n Geneesheer wie die gebruik van NEUCON vir verlengde periodes by pasiënte met ADHD verkies, moet gereeld the langtermyn nuttigheid van die geneesmiddel vir die individuele

pasiënt herevalueer met proeftydperke sonder medikasie om die pasiënt se funksionering sonder farmakoterapie te bepaal.

Dosisvermindering en - Staking:

Indien paradoksale opflikkering van simptome, of ander newe-effekte, voorkom, moet die dosis verminder word, of, indien nodig, moet NEUCON gestaak word.

BEJAARDES:

Die gebruik van NEUCON is nie tydens beheerde kliniese proewe onder bejaardes (ouer as 65 jaar) bestudeer nie.

NEWE-EFFEKTE

Kliniese proewe data

Die tabel hieronder toon al die ongunstige geneesmiddelreaksies (OGRs) wat tydens kliniese toetse met NEUCON by kinders, adolessente en volwassenes waargeneem is, asook die wat met ander metielfenidaathidrochloried-formulerings aangemeld is. Waar die OGRs van NEUCON en ‘n metielfenidaat-formulering se frekwensies verskil het, is die hoogste frekwensie van beide databasisse gebruik.

<u>Frekwensieskatting:</u>

Baie algemeen (≥ 1/10)

Algemeen (≥ 1/100 tot < 1/10)

Ongewoon (≥ 1/1 000 tot < 1/100)

Seldsaam (≥ 1/10 000 tot < 1/1 000)

Baie seldsaam (< 1/10 000)

Onbekend (kan nie uit die beskikbare gegewens geskat word nie)

Sisteem/ orgaan klas	**Ongunstige geneesmiddelreaksie**					
	Frekwensie					
	Baie algemeen	Algemeen	Ongewoon	Seldsaam	Baie seldsaam	Onbekend
Infeksies en infestasies		Nasofaringitis, boonste lugweginfeksie*, sinusitis*				
Bloed en limfstelsel afwykings					Anemie**, Leukopenie**	
Metabolisme en voeding afwykings:		Anoreksie, afname in eetlus**, matige vermindering in gewig en lengtegroei met langdurige gebruik by kinders				
Psigiatriese afwykings	Slaaploosheid, senuweeagtigheid	Anoreksie, onstabiele emosies, aggressie, onrustigheid,	Geestesversteurings, woede, gedagtes aan selfmoord, verandering in	Libido afwyking, verwarde toestand**	Poging tot selfmoord (insluitend voltooide selfmoord)**,	Delusies**, gedagte versteurings, afhanklikheid, gevalle van

		angs**, depressie*, prikkelbaarheid, abnormale gedrag, veranderlike luim, senutrekkings, aanvanklike slaaploosheid*, bedrukte gemoed*, depressie**, libido verminder*, spanning*, bruksisme*, paniekaanval*	luim, rusteloosheid**, tranerigheid, verergering van reeds bestaande senutrekkings van Tourette-sindroom, hiper-waaksaamheid, slaapversteuring.		verbygaande depressiewe gemoed, abnormale denke, apatie**, herhalende gedrag, oor -fokussering	misbruik en afhanklikheid is meer dikwels met die onmiddellike-vrystelling formulerings beskryf
Senuweestelsel afwykings:	Hoofpyn	Duiseligheid, psigomotoriese hiperaktiwiteit, slaperigheid, parestesie*, spanningshoof-pyn*	Sedasie, tremor**, letargie*		Choreo-atetoïede bewegings, omkeerbare iskemiese neurologiese gebrek, neuroleptiese maligne sindroom (NMS;	Serebrovasku lêre siektes** (insluitend vaskulitis, serebrale bloedings, serebrovasku-lêre voorvalle, serebrale arteritis,

					verslae is swak gedokumenteer en in die meeste gevalle het pasiënte ook ander medisyne ontvang, sodat die rol van metielfenidaat nie duidelik is nie)	serebrale afsluiting), migraine **
Oog afwyking		Akkommodasie versteuring*	Dowwe visie**, droë oog*	Probleme met visuele akkommodasie		
Oor en doolhof afwykings		Vertigo*				
Hart afwykings		Disritmie, tagikardie, hartkloppings	Borspyn		Hartarres, miokardiale infarksie	
Bloedvat afwykings		Hipertensie	Warmgloede*		Serebrale arteritis en/of afsluiting, perifere koudheid**	

Respiratoriese, bors en mediastinale afwykings		Hoes, orofaringeale pyn	Dispnee**			
Gastroïntestinale afwykings		Bobuik pyn, diarree, naarheid**, buikongemak, braking, droë mond**, dispepsie*	Hardlywigheid**			
Hepatobiliêre afwykings			Lewerensieme verhoog		Abnormale lewerfunksie, insluitend lewerkoma	
Vel en onderhuidse weefsel afwykings		Pruritis, uitslag, urtikarie	Angioneurotiese edeem, bulleuse toestande, eksfoliatiewe toestande	Hiperhidrose**, makulêre uitslag	Veelvuldige eriteem, eksfoliatiewe dermatitis, vaste medisyne-uitbarsting	
Muskuloskeletale en bindweefsel afwykings		Spierstyfheid*, spierspasmas*			Spierkrampe	
Nier- en urienweg afwykings			Hematurie, pollakurie			

Voortplantingstelsel en bors afwykings		Erektiele disfunksie*		Ginekomastie		
Algemene afwykings en toestande by die plek van toediening		Pireksie, groeivertraging met langdurige gebruik by kinders, moegheid**, prikkelbaarheid*, senuweeagtige gevoel*, astenie*, dors*			Skielike hartsterfte	
Ondersoeke		Veranderinge in bloeddruk en tempo van hartklop (gewoonlik 'n toename), afname in gewig, alanienaminotransferase verhoog*	Hartgeruis			

*Frekwensie afgelei van kliniese proewe in volwassenes en nie uit die data van proewe in kinders en adolessente nie; dit kan ook relevant wees vir kinders en adolessente

**Frekwensie afgelei van kliniese toetse in kinders en adolessente en aangemeld teen 'n hoër frekwensie in kliniese proewe in volwasse pasiënte.

Na-bemarkingsdata

Ongunstige reaksies (OGRs) wat gedurende na-bemarking met NEUCON geïdentifiseer is, word by Tabel 4 ingesluit.

Tabel 4. Ongunstige geneesmiddelreaksies tydens na-bemarkingservaring met NEUCON
Bloed- en limfstelsel versteurings Pansitopenie, trombositopenie, trombositopeniese purpura. **Immuunstelsel versteurings** Hipersensitiwiteitsreaksies, soos angioëdeem, anafilaktiese reaksies, ore geswel, blaasagtige toestande, afskilferende toestande, urtikarie, pruritus, uitslag, uitbrake en eksanteem **Psigiatriese versteurings** Disoriëntering, hallusinasie, ouditiewe hallusinasies, visuele hallusinasies, manie, logorrhoea. **Senuweestelsel versteurings** Konvulsie, grand mal konvulsie, diskinesie

Oog versteurings

Diplopie, midriase, visuele belemmering,

Hart versteurings

Angina pectoris, bradikardie, ekstrasistolieë, supraventrikulêre tagikardie, ventrikulêre ekstrasistolieë

Vaskulêre versteurings

Raynaud-siekte

Vel- en onderhuidse weefsel versteurings

Alopesie, eriteem

Skeletspier en bindweefsel versteurings

Artralgie, mialgie, spiertrekkings,

Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening

Afname in terapeutiese respons

Borspyn, bors ongemak, geneesmiddel-effek verminder, hiperpireksie

Ondersoeke

Verhoogde bloed alkaliese fosfatase, verhoogde bloed bilirubien, verhoogde lewerensieme, afname in plaatjietelling, abnormale witbloedseltelling.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN

Tekens en simptome van NEUCON oordosering , hoofsaaklik as gevolg van oorstimulering van die SSS en oormatige simpatomimetiese stimulasie, kan die volgende insluit: braking, agitasie, bewerigheid, hiperrefleksie, spiertrekkings, konvulsies, koma, grand mal konvulsie, euforie, verwarring, hallusinasies (gehoor en/of visueel), hiperhidrose, warmgloede, hoofpyne, pireksie, tagikardie, palpitasies, hartritme versnel, sinus-disritmieë, hipertensie, midriase en droë mond.

Behandeling geskied d.m.v. toepaslike ondersteunende maatreëls. Die pasiënte moet beskerm word teen selfbesering en teen stimulerende buite-invloede wat reeds teenwoordige oorstimulering kan vererger. Maaginhoud kan geledig word deur maagspoeling, soos aangedui. Voor maagspoeling uitgevoer word, beheer opgewondenheid en stuipe, indien teenwoordig, en beskerm die lugweg. Ander maatreëls om te detoksifiseer sluit in toediening van geaktiveerde houtskool en ‘n purgeermiddel. Intensiewe sorg moet voorsien word om voldoende sirkulasie en respiratoriese gaswisselling te behou; uitwendige verkoelingsmaatreëls kan ingestel word, indien benodig word vir pireksie.

Doeltreffendheid van peritoneale dialise of buiteliggaamlike hemodialise vir NEUCON oordosering is nie vasgestel nie.

Die verlengde duur van vrystelling van metielfenidaat uit NEUCON moet in ag geneem word indien pasiënte na oordoserings behandel word.

IDENTIFIKASIE

18 mg: kapsuulvormige geel tablet met “alza 18” met swart ink aan die een kant bedruk.

27 mg: kapsuulvormige grys tablet met “alza 27” met swart ink aan die een kant bedruk.

36 mg: kapsuulvormige wit tablet met “alza 36” met swart ink aan die een kant bedruk.

54 mg: kapsuulvormige rooibruin tablet met “alza 54” met swart ink aan die een kant bedruk.

AANBIEDING

NEUCON is beskikbaar in ‘n vierkantige, wit hoë-digtheid (HDPE) poliëtileenbottel met ‘n wit polipropileen kinderbestande prop, met ‘n induksiegeseëlde peuterbestande membraan.

Elke HDPE-bottel bevat een of twee desikkante, en bevat 30 tablette. Die HDPE bottel word in ‘n kartonhouer verpak tot voordat dit gebruik word.

BERGINGSAANWYSINGS

Bewaar by of benede 25 °C. Hou die bottel dig gesluit.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS

18 mg: 46/1.2/0380

27 mg: 46/1.2/0381

36 mg: 46/1.2/0382

54 mg: 46/1.2/0383

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIE SERTIFIKAAT

JANSSEN PHARMACEUTICA (Pty) Ltd

(Reg. no. 1980/011122/07)

Building 6, Country Club Estate,

21 Woodlands Drive, Woodmead, 2191

Tel: +27 (11) 518 7000

RA-JACZA-Medinfo@its.jnj.com

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET

Datum van registrasie van die medisyne: 20 April 2017